


Die toorn van God se tere liefde



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 78, Jona 4:1-4, Matteus 10:8 asook hfst. 21:12 en 13, Jeremia 51:24 en 25, Romeine 12:17-21.

Geheueteks: “Maar Hy is barmhartig; Hy bedek hulle sondeskuld; Hy delg hulle nie uit nie. Hy hou dikwels sy toorn terug en laat nie sy woede ten volle ontwaak nie” (*Psalm 78:38, AFR20*).

Hoewel die barmhartigheid van God dikwels groot aftrek kry, is die idee dat Hy ook soms toornig is vir baie verontrustend. As God dan liefde is, behoort Hy mos nooit toornig te wees nie — dit is hoe hulle redeneer. Dit is egter 'n totale wanopvatting, want dit is inderdaad sy liefde wat aanleiding tot sy toorn gee.

Party beweer dat die Ou-Testamentiese God 'n God van wraak is, terwyl dié van die Nuwe Testament 'n God van liefde is. Tog is daar net een God. Wat meer is, beide Testamente toon beide hierdie sye van God. Die God wat liefde is, raak wel toornig oor die boosheid wat Hy sien — juis *omdat* Hy liefde is. Jesus het self ook uitdrukking aan sy intense afkeur in sonde gegee. Die Nuwe Testament wys boonop etlike kere op die geregverdigde en gepaste toorn van God.

God se woede is altyd dié van 'n regverdige God, sy billike en liefdevolle verwerping van boosheid en ongeregtheid. Hy het rede om verontwaardig te wees. Dit is 'n verontwaardiging wat deur volmaakte goedheid en liefde aangedryf word, wat die floring van die ganse skepping begeer. God se toorn is bloot die liefde se gepaste respons op boosheid en ongeregtheid. In pas hiermee ontlok boosheid 'n passie by God vir die slagoffers van daardie boosheid, asook 'n begeerte om teen die skuldige partye op te tree. So die gramskap of toorn van God is dus 'n verdere uitdrukking van sy onpeilbare liefde.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 1 Februarie.*

Bedroef oor boosheid

Die God van die Bybel het 'n voorliefde vir reg en geregtigheid, en verafsku boosheid. Sonde en boosheid ontstel Hom vreeslik. Aan hierdie ontstokenheid gee Hy uiting deur op te kom vir dié wat vertrap en mishandel word. In sy ontstokenheid kom Hy ook op vir die individu, waar oortreder en slagoffer soms dieselfde persoon is. Die Here het 'n afsku in boosheid omdat dit tot skade van sy geskape wesens is — selfs al doen jy dit aan jouself. In Bybelverhale word die Here herhaaldelik vertoorn. Bybelgeleerdes dig hierdie woede aan die sogenaamde rebelliesiklus toe. Hierdie siklus verloop soos volg:

Die volk rebelleer teen God en doen verkeerde dinge. Partymaal pleeg hulle selfs verskriklike gruweldade soos om kinders te offer, of doen ander dinge wat God ook as verfoeilik beskou.

Die Here onttrek Hom aan die volk, siende dat hulle Hom doelbewus verwerp en afgedwaal het.

Ander nasies kom en onderdruk die volk.

Die volk roep om hulp tot God en smeek om bevryding.

Deur sy grote genade ontferm Hy Hom oor die volk en bevry hulle.

Die mense rebelleer weer teen God, dikwels op 'n growwer wyse as tevore.

Hierdie siklus van allerverskriklike boosheid en ontrouheid waaraan die volk hulle skuldig gemaak het, begroet die Here egter met oneindige getrouheid, grenslose geduld, onbeskryflike genade en 'n diepe deernis.

Lees Psalm 78. Wat sê hierdie Skrifgedeelte, is God se reaksie op die volk se herhaaldelike rebellie?

Volgens die Bybel is liefde en geregtigheid vervleg. Goddelike toorn is die gepaste respons wanneer liefde met boosheid te doen kry. Hoe so? — omdat boosheid altyd iemand seermaak vir wie God liefhet. In die Skrif is daar nêrens enige gevalle van God wat onregverdiglik of opsetlik toornig is nie.

God se volk versaak en verraai Hom periodiek. Tog sien 'n mens hoedat Hy eeu na eeu geduldig aanhou om hulle ryklik genadig te wees, meer as wat billik en regverdig is (*Neh. 9:7-33*). Sodoende toon Hy die onpeilbare dieptes van sy lankmoedige deernis en genadige liefde. Soos Psalm 78 vers 38 tereg sê: “Maar Hy is genadig, Hy vergewe sonde, Hy wis sy volk nie uit nie. Dikwels het Hy sy toorn bedwing en sy gramskap nie laat losbreek nie” (*NAB*).

Was jy al onthuts oor die verskriklike dinge wat party mense aangedoen word? Waarskynlik. Hoe help hierdie emosie jou nou om God se gramskap oor die bose beter te verstaan?

God Word Stadig Kwaad

God is liefde en daarom word Hy toornig oor die bose. Die Here is so deernisvol en genadig dat een van die Bybelprofete Hom teregwyys en sê: U is te barmhartig, o Heer!

Bepeins Jona se verhaal. Let veral op die profeet se reaksie toe God die mense van Nineve jammer kry en begenadig. Die verhaal is in Jona 4:1-4 opgeteken. Wat sê dit vir ons omtrent Jona en omtrent die Here? (Lees ook Matt. 10:8.)

Jona se reaksie op die genade wat God hier toon, spreek boekdele. Dit bring twee belangrike dinge aan die lig. Ten eerste, dat Jona gevoelloos was. So groot was die wrok wat Hy teen Assiriërs gekoester het, oor die dinge wat hulle Israel in die verlede aangedoen het, dat hy nie wou hê dat God hulle genadig moes wees nie.

Dit behoort vir ons 'n les te wees! Hierteen moet ons waak, selfs al is daar 'n geldige rede vir die koestering van 'n wrok. As ontvangers van God se genade behoort ons beter as enigeen te begryp dat sy genade totaal onverdienstelik is, en dat ons derhalwe ook genadig teenoor ander behoort te wees.

Ten tweede beklemtoon Jona se reaksie dat medelye en genade die kern van God se aard en wese is. So vertrou is Jona met God se genade — juis omdat God “'n genadige God, 'n God van medelye is” en omdat Hy “stadig kwaad [word] en... liefdevol en getrou” is, soos dit in Jona 4:2 beskryf word — dat Jona geweet het dat God sy oordele oor Nineve sou weerhou (*aanhaling uit die NLV*). Die Here tree regverdig en genadevol teenoor alle mense en nasies op.

Let op die Hebreeuse sinsnede wat as “U word stadig kwaad” (*NLV*) of “lankmoedig” (*OAB*) vertaal word, wat letterlik “lankneusig” beteken. In die wêreld van Ou-Testamentiese idiomatiese uitdrukkings is die neus as 'n metafoor vir woede gebruik. So hoe langer iemand se neus metafoories-gesproke is, hoe langer vat dit vir hom of haar om kwaad te word.

Oral waar God dus “lankneusig” genoem word, sê dit eintlik dat Hy lank vat om kwaad te word en geduldig is. Dit vat nie lank vir die mens om kwaad te word nie. Daarenteen is die Here buitengewoon lankmoedig en geduldig, en skenk sy genade vrylik en oorvloediglik, dog sonder om die sonde goed te praat of om sy oë vir ongeregtigheid te sluit. Pleks daarvan betaal God self die prys vir boosheid en sonde aan die kruis; sodat Hy beide regverdig en die regverdigmaker van dié wat in Hom glo, kan wees (*Rom. 3:25, 26*).

Het iemand jou al te na gekom en toe versuim jy om daardie persoon genadig te wees? Hoe onthou 'n mens in sulke situasies presies wat die Here vir jou gedoen het sodat jy, in respons op God se oorvloedige genade in jou eie lewe, meer genadig teenoor ander kan wees? Wat meer is: hoe betoon 'n mens genade en begrip op hierdie wyse, maar sonder om sonde aanvaarbaar te maak, of om die onderdrukking of mishandeling van jou medemens goed te praat?

“Geregverdigde woede”

Hoewel daar vele onvanpaste vorms van woede is, leer die Bybel ons ook dat daar wel iets soos “regmatige” of “geregverdigde woede” is [beter bekend in die Engels as “righteous indignation”].

Stel jou voor ’n moeder sit in die park en hou haar driejaar-oue dogtertjie dop. Skielik is daar ’n man wat die kind aanval. Haar woede, in daardie oomblik, is mos geregverdig — nie waar nie? Beslis. Die regmatige uitdrukking van die liefde op daardie oomblik is woede. Hierdie storiëtjie help ons om God se “regmatige woede” te verstaan.

Lees Matteus 21:12 en 13, asook Johannes 2:14 en 15. Let hier op Jesus se reaksie waarop die tempel gebruik is. Toon dit nie dat God ontstoke oor boosheid is nie?

In hierdie geval toon Jesus die “Godelike geesdrif” [oftewel “vurige passie”] van sy geregverdigde woede teen diegene wat die tempel van God gebruik het asof dit ’n wêreldse plek was, ’n gewyde plek wat hulle in “’n rowerspelonk” verander het sodat weduwees, weeskinders en die armes uitgebuit kon word (*Matt. 21:13, vgl. Joh. 2:16*). Die tempelgebou en die dienste wat daarin gehou is, was veronderstel om God se genadige vergifnis en heiligmaking van die [boetvaardige] sondaar uit te beeld. Hier sien ons dat dit egter vir die inloop en onderdrukking van die weerloosste gedeeltes van die destydse samelewing misbruik is. Het Jesus dan nie die reg gehad om ontstoke oor hierdie gruwel te wees nie?

Markus 10:13 en 14, asook Markus 3:4 en 5, bied die leser verdere voorbeelde van Jesus se geregverdigde woede. Toe die mense kindertjies na Jesus gebring het, “berispe die dissipels hulle” (*woordorde aangepas*). Die Skrif sê: “Toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig” — m.a.w. Hy was ontsteld. “Laat die kindertjies na My toe kom,” sê Hy toe vir hulle (*Mark. 10:13 en 14, AFR20*).

By ’n ander geleentheid hou die Fariseërs vir Jesus fyn dop om te sien of Hy die siekes sou genees, wat hulle as Sabbatsontheiliging beskou het. Op dié vra Jesus sy teëstanders: “Mag ’n mens goeddoen op die Sabbat of kwaad? Is hierdie dag bedoel om ’n lewe te red of te vernietig?” (*Mark. 3:4, NLV*). Hy het hulle “die een na die ander met verontwaardiging aangekyk, diep bedroef oor die gevoelloosheid van hulle harte” en genees toe die man se gebrekkige hand (*Mark. 3:5, NLV, skryfwyse van bywoord aangepas. Let op die AFR20 se woordkeuse: “woedend”*). Die ontsteltenis wat Christus hier ten toon stel, spruit uit droefheid oor die Fariseërs se onverskilligheid [teenoor ander se lyding]. Dit is die geregverdigde woede wat liefde voortbring en stem ooreen met die woede wat ons by God in die Ou Testament bespeur: die sinvolle woede van die liefde. Ware liefde kan mos nie anders as ontsteld wees oor die boosheid nie, veral nie as dit God se geliefdes pyn besorg nie, of hoe?

’n Mens kan natuurlik egosentriese ontsteltenis vir “geregverdigde woede” aansien. Dit is ’n ware strik, al is dit so fyn gestel. Waarom beland ons maklik daarin? Hoe waak ’n mens daarteen?

God beproef ons teen Sy sin

Regdeur die Bybel toon die Here sy vurige passie vir die vertraptes en onderdruktes. Daarmee saam loop sy regmatige woede teen die onderdrukkers en dié wat ander tot slagoffers maak. As daar gaan boosheid was nie, sou God nie kwaad gewees het nie. Sy woede is altyd en uitsluitlik teen dié wat sy skepping leed aandoen.

Volgens Klaagliedere 3:32 en 33 bring die Here ons nie in beproewing omdat Hy dit so verkies nie (m.a.w. Hy beproef ons “teen sy sin” [NAB & AFR20] oftewel “nie van harte... nie” [OAB]). Hy begeer dus nie om sy oordele oor die goddelose te bring nie. Die liefde vereis egter dat reg en geregtigheid moet geskied.

Hierdie waarheid blyk uit God se uithouvermoë. Kyk net hoe lank is Hy sy volk vergewensgesind, hoe Hy hulle oor en oor die geleentheid gee om tot inkeer te kom en met Hom versoen te word. Deur sy profete roep die Here aanhoudend tot sy volk, maar hulle weier om ag te slaan op sy roepstem (*lees Jer. 35:14-17, Ps. 81:11-14*).

Lees Esra 5:12. Vergelyk dit dan met Jeremia 51:24, 25 en 44. Wat sê dit vir ons oor die oordele wat God d.m.v. die Babiloniërs oor Jerusalem gebring het? (*Lees ook 2 Kron. 36:16*)

Nadat die volk (volgens Esra 5) aanhoudend en sonder enige berou die Here vertoorn het, het Hy Hom uiteindelik aan die kinders van Israel onttrek en “hulle oorgegee in die hand van Nebukadnésar, die koning van Babel” (*vers 12, OAB*). Dit doen die Here egter eers toe “geen herstel meer moontlik was nie” (*2 Kron. 36:16, AFR20*). Later kry die Here egter vir Babilon voor stok oor die buitensporige verwoesting wat hulle tydens die beleëring van Juda gesaai het (*Jer. 51:24, 25 en 44; vgl. Sag. 1:15*).

In die vele beskrywings van hoe God sy oordele oor die mense bring, lees ’n mens telkens dat God sy verbondsvolk aan hul vyande “oorgegee” het (*Rig. 2:13 en 14, OAB; Ps. 106:41 en 42, AFR20*). Dit doen die Here in ooreenstemming met die volk se besluit om Hom te versaak en “die gode” van ander nasies te dien (*Rig. 10:6-16, Deut. 29:24-26*). God se woede teen boosheid, wat eendag tot die totale uitwissing daarvan sal lei, spruit uit sy liefde vir die ganse mensdom. Dit spruit ook uit sy begeerte dat die goeie uiteindelik in die heelal sal seëvier. Hierdie dinge wat God vir sy skepping begeer, is gemoeid met die groot vraagstuk oor sonde, rebellie en die bose.

Die Here wil nie eintlik sy oordele oor enigeen bring nie. Hoe affekteer dit die wyse waarop ’n mens Goddelike woede en ontsteltenis verstaan? As die Here dan “stadig [is] om kwaad te word” soos die NLV dit stel, behoort ons mos meer geduldig en lankmoedig met die mense om ons heen te wees, nie waar nie? Hoe doen ’n mens dit sonder om die versorging en beskerming van die onderdruktes en die slagoffers te versuim?

Toon barmhartigheid

Hoewel die woede van God 'n “verskriklike” ding is, is dit geensins immoreel of liefdeloos nie. Intendeel, in beide die Ou en Nuwe Testamente gee die Here uiting aan sy woedetoorn juis omdat Hy sy kinders liefhet. Dit is a.g.v. die verraderlikheid en diepliggende verkeerdheid van die kwaad dat Goddelike toorn verskriklik is, want dit onderstreep [op 'n pynlike wyse] hoedat die kwaad lynreg van God se suiwer goedheid en majesteit verskil.

So die liefde is dus onontbeerlik vir God, maar nie die tentoonstelling van woede nie. Waar boosheid en geregtigheid ontbreek, is daar immers geen woede nie. Die uitwissing van sonde in die heelal, wat die hoogste uitdrukking van God se liefde is, sal uiteindelik woede en verontwaardiging tot 'n einde bring. Dit is so omdat daar nooit weer enige ongeregtigheid of boosheid sal wees nie. Van ewigheid tot vergetelheid sal geluksaligheid en geregtigheid binne die volmaakte liefdesband bly voortbestaan. Die woede van God is dan vir ewig iets van die verlede, want die Here sal dit nooit ooit weer nodig kry nie. Wat 'n wonderlike gedagte!

Sommige gelowiges voel dat die toorn van God maklik as 'n verskoning vir die uitdeel van menslike wraak misbruik word, wat dus strydig met die ware doel van sy woede is. Lees Deuteronomium 32:35, Spreuke 20:22 en 24:29, asook Romeine 12:17-21 en Hebreërs 10:30. Hoe beskerm hierdie Skrifgedeeltes ons teen die uitleef van menslike wraak?

Volgens die Skrif het God die reg om sy oordele oor mense te bring. Wanneer Hy dit doen, is dit altyd met 'n volmaakte billikheid en regverdigheid. Beide die Ou en Nuwe Testamente noem uitdruklik dat wraak slegs die Here toekom. Soos Paulus tereg in Romeine 12 vers 19 opmerk: “Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: ‘Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld,’ sê die Here” (*NAB, die apostel haal hier Deuteronomium 32:35 aan*).

Hoewel die Here vanweë ongeregtigheid en boosheid eendag sy oordele [oor die aarde] sal bring, het Christus 'n uitweg gevind vir elkeen wat in Hom glo. Dit is inderdaad “Jesus... wat ons red uit die oordeel wat kom” (*1 Tess. 1:10, AFR20; vgl. Rom. 5:8 en 9*). God het dit so beskik: “God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word” (*1 Tess. 5:9, NAB*). Hoewel dit nie God se wraak keer nie, sal diegene wat in Jesus glo, danksy Hom, wel daarvan gered word.

Christus se soendood behou die geregtigheid wat moet geskied, maar red ons terselfdertyd van die straf wat daardie geregtigheid bring. Op watter manier bewerkstellig Hy dit? Duidelik het die Here, ten spyte van ons tekortkominge, vir elkeen van ons voorsiening gemaak. In hoe 'n mate behoort ons dus ons medemens genadig te wees?

Vir verdere studie: Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White se geskrifte — “Idolatry at Sinai” (bl. 315-330, *Patriarchs and Prophets*).

Rakende die volk se sonde by Sinai, toe hulle die goue kalf aanbid het, skryf Ellen G. White: “Die Israeliete het hulle aan hoogverraad skuldig gemaak, en dit teen ’n koning wat hulle met voordele oorlaai het, die Hemelkoning tot wie se gesag die volk hulle vrywillig verbind en hulself gehoorsaam verklaar het. Ten einde die hemelse wet en orde te handhaaf, moes die verraaiers dus gestraf word. Nietemin bespeur ons hier die Here se genade. Hoewel Hy by sy wet hou, skenk Hy aan ieder en elk die voorreg en geleentheid om berou te kies. Die enigste wat God uiteindelik afgesny het, was dié wat nie van hulle rebellie wou afsien nie.

“Hierdie sonde kon nie ongestraf bly nie. Dit moes ’n getuienis aan die omliggende nasies wees dat God ’n erge afsku in afgodery het. As God se werktuig deel Moses die straf uit, en teken sodoende ’n gewigtige en openbare protes teen hierdie afskuwelike misdaad aan. Die Israeliete moes voortaan die buurnasies se afgodery veroordeel, maar hul teëstanders kon maklik omdraai en sê dat die einste volk wat voorgee om Jehova as hul God te aanbid, dan by Horeb ’n goue kalf gemaak en dit aanbid het. Hoewel hulle dan noodgedwonge die skandelige waarheid moes erken, kon Israel daardie nasies wys op die verskriklike lot wat die oortreders [daardie dag] te beurt geval het, as ’n bewys dat hul sonde nóg God se goedkeuring weggedra het nóg verskoon is.

“Die liefde het niks minder as reg en geregtigheid vereis nie. Hierdie sonde het straf genoodsaak... Uit genade laat die Here dus duisende ly om te keer dat Hy noodgedwonge sy oordele oor miljoene moet bring. Hy straf minder mense ten einde ’n magdom te red” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 324, 325).

Vrae vir bespreking:

- ❶ Waarom dink jy sukkel so baie mense om te aanvaar dat God wel toornig raak en straf? Hoe maak jy om dit reg te verstaan?
- ❷ Watter probleme spruit altyd uit die menslike soeke na vergelding i.p.v. om straf in God se hande te laat?
- ❸ Let op die oordele wat God ná die goue-kalf-insident oor Israel gebring het. Waarom is dit ook ’n voorbeeld van sy genade? Watter ander Bybelse voorbeelde toon dat God se oordele inderwaarheid ’n liefdesgebaar was?
- ❹ Dit maak sin dat God se woede oor die kwaad billik en geregverdig is, en dat sy oordele die volmaakte uitdrukking van reg en geregtigheid is. Hoe belangrik is dit, nietemin, dat ons teen die veroordeling van ander moet waak? Bespreek dit veral met verwysing na 1 Korintiërs 4:5.